kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Ten slotte, laaste woorde . . .**

**Skriflesing: Johannes 21:1-19**

## Broodjies vir die pad

"Freedom, however, is not the last word. Freedom is only part of the story and half of the truth. Freedom is but the negative aspect of the whole phenomenon whose positive aspect is responsibleness. In fact, freedom is in danger of degenerating into mere arbitrariness unless it is lived in terms of responsibleness. That is why I recommend that the Statue of Liberty on the East Coast be supplemented by a Statue of Responsibility on the West Coast."
— Victor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"Finding the center of strength within ourselves is in the long run the best contribution we can make to our fellow men. ... One person with indigenous inner strength exercises a great calming effect on panic among people around him. This is what our society needs — not new ideas and inventions; important as these are, and not geniuses and supermen, but persons who can "be", that is, persons who have a center of strength within themselves."
— Rollo May, Man's Search for Himself

## Gentleman/Gentlewoman

*Frederick Buechner*

BY ONE DEFINITION gentlemen and gentlewomen are people who have gone to the schools and colleges everybody's heard of, don't talk with their mouths full, avoid using *like* as a conjunction, don't make scenes in public, and so on. They are apt to turn up in such places as country clubs, the society pages, and restaurants in which proper dress is required. They may commit murder from time to time, but they rarely end up in the electric chair. If a child of yours marries one of them, you figure he or she has done all right. If they're usually no better than other people, they are usually no worse either. Or if they are, it at least doesn't show so much.

But there are gentlewomen and gentlemen in another sense who may be none of the above. They may speak atrocious English and get their clothes at rummage sales. They may leave their spoons in their coffee cups and douse their french fries with ketchup. There are some of them who, if they turned up at a country club, would be directed to the service entrance. Some are educated, and some barely made it through grade school. Some are captains of industry, and some pump gas for a living. But whatever the differences between them, the common denominator is even more striking.

*Gentle* is the key word, of course. Their table manners may be appalling, but their courtesy is instinctive. They let you take the seat by the window or have first go at the morning paper not because it's in *Emily Post*, but because it's in their nature. They seem to be born knowing when to come around and when to stay away. If you have them over for supper, they know when it's time to go home. Their wit may be sharp, but it never cuts. Even in private they don't make scenes if they can possibly help it.

They have their hang-ups and abysses and blind spots like everybody else, but when Jesus said, "Blessed are the meek," if it wasn't exactly them he was talking about, the chances are it was people very much like them.

-Originally published in *Whistling in the Dark* and later in *Beyond Words*

https://www.frederickbuechner.com/quote-of-the-day/2022/4/25/gentlemangentlewoman

## Lugspieëling

"Imagine," pleit John Lennon
met oorgawe en bebril
maar toe sterwe óók hy,
soos alle dromers,
gewelddadig en bloedbevlek.

Desnieteenstaande bly ek pleit:
gee my 'n lappie aarde,
nie te ruim nie,
omring met boom
met min heining wat sal roes
maar met net genoeg water

ek wil soos 'n kindjie klein op die grond kniel
aartappel plant, boontjie leer rank
knoffel laat knol
'n sonneblom of twee
moet geel spiraal,
die oggend weldadig begroet,
die by toelaat om te bestuif

gee my aande op plekkies vol patos,
soos dié waaroor wyle NP van Wyk Louw
verse kon maak, dorpies in die Karoo:
skemertes soos koper
mense rein en opreg
sonder kankers en kommer

leer my om sonder begeerte te bid
om ver verby die ongelyke lewens te kyk
om die skurftes van die hart
en die sterftes in die oë van kinders te probeer begryp

ek wil glo in wolke vol water
in woude en oseane vol vis en dolfyn
ek wil droom, weer
"Imagine"
weer God met genade laat rym

*Clinton V du Plessis*

"...to the soul, the most minute details and the most ordinary activities, carried out with mindfulness and art, have an effect far beyond their apparent insignificance."
— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"From the beginning of time, in childhood, I thought that pain meant I was not loved. It meant I loved."
— Louise Gluck

"There is a deep sense in which we are all ghost towns. We are all haunted by the memory of those we love, those with whom we feel we have unfinished business. While they may no longer be with us, a faint aroma of their presence remains, a presence that haunts us until we make our peace with them and let them go. The problem, however, is that we tend to spend a great deal of energy in attempting to avoid the truth. We construct an image of ourselves that seeks to shield us from a confrontation with our ghosts. Hence we often encounter them only late at night, in the corridors of our dreams."
— Peter Rollins, The Idolatry of God: Breaking Our Addiction to Certainty and Satisfaction

"When our grandparents failed, they had comfortable spiritual furniture to rest in. They had, for the most part, their relationship to God, their relationship to a nation they loved, their relationship to a community and a large extended family. Faith in God, community, nation, and the large extended family have all eroded in the last forty years, and the spiritual furniture that we used to sit in has become threadbare."
— Martin Seligman

## Hulle wen Akademiepryse vir uitnemendheid

Nadat al drie van hulle Maandag 'n UJ-letterkundeprys gewen het, het die skrywers **S.J. Naudé**, **Ashwin Arendse** en **Frederik de Jager** Vrydag elkeen 'n prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Naudé het die gesogte Hertzogprys vir sy kortverhaalbundel *Dol heuning* ontvang.

Arendse het vir sy debuutdigbundel, *Swatland*, en De Jager vir sy kortverhaalbundel, *Man op 'n fiets êrens heen*, onderskeidelik die Eugène Marais-prys vir poësie en prosa ontvang.

Die pryse sal by twee virtuele toekenningsgeleenthede in Julie oorhandig word.

• Die Vrystaatse skrywers **Fanie Viljoen** en **Jaco Jacobs** het onderskeidelik die Scheepersprys vir Jeugliteratuur en die Alba Bouwerprys vir Kinderliteratuur ontvang.

Viljoen het dit vir sy boek *Offers vir die vlieë* gewen. Die Scheepersprys word elke drie jaar aan 'n Afrikaanse jeugboek in enige genre toegeken.

Jacobs se boek *Die boekwinkel tussen die wolke* het aan hom die Alba Bouwerprys besorg. Dit word ook elke drie jaar toegeken.

Die Huberte Rupertprys vir klassieke musiek, wat driejaarliks toegeken word, gaan aan die sopraan **Emma Renzi**.

Sangers, komponiste en instrumentaliste, wat klawerinstrumente, blaasinstrumente of strykinstrumente bespeel, kom daarvoor in aanmerking.

Die prys word deur die Rupert Musiekstigting geborg.

Die erepenning vir geesteswetenskappe en die kunste word toegeken aan **Emma Willemse** vir haar bydrae tot visuele kunste in Suid-Afrika.

Willemse is sowel 'n multimedium- as konseptuele kunstenaar, kurator en kunsopvoeder wat in Riebeek-Kasteel woon en werk. Sy maak al vir vier dekades 'n indruk op die Suid-Afrikaanse kunswêreld.

Haar kuns is in Florence, Dakar, Johannesburg, Stellenbosch, Parys en Londen uitgestal.

Willemse se kinetiese kunstenaarsboeke-installasies het die estetiese interaksie tussen 'leser' en teks herdefinieer en dit word vandag wêreldwyd met lof besing.

• Die erepenning van die SA Akademie se fakulteit natuurwetenskap en tegnologie word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van 'n besondere vakgebied in die natuurwetenskappe.

Vanjaar gaan dit aan **prof. André Coetzee**, emeritus professor en uitvoerende voorsitter, by die departement anestesiologie en intensiewe sorg van die fakulteit gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) se Tygerberg-kampus.

Coetzee geniet sowel nasionale as internasionale erkenning as wetenskaplike en klinikus. Hy is 'n spesialisnarkotiseur met subspesialisregistrasie in kritieke sorg en het 'n besonderse rol in die ontwikkeling van die veld van anestesiologie in Suid-Afrika gespeel.

**• Prof. Hennie van Coller**, emeritus uitstaande professor en navorsingsgenoot aan die UV en buitengewone professor aan die Noordwes-Universiteit (NWU), ontvang die N.P. van Wyk Louw-medalje wat skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking of vertakkings van die geesteswetenskappe beloon, wat as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die geesteswetenskappe beskou kan word.

Van Coller het deur die gehalte van sy wetenskaplike artikels en boeke 'n indruk in die literêre wêreld in Suid-Afrika én internasionaal gemaak. Hy is 'n veelsydige en deeglike vakman wat werk van hoë gehalte lewer.

• Die M.T. Steynprys vir natuurwetenskaplike en tegnologiese prestasie word toegeken vir iemand se skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van die natuurwetenskap en/of die tegnologie (of 'n vertakking of vertakkings daarvan) en die suksesvolle toepassing daarvan in breër verband soos in landsbelang. **Prof. Lise Korsten**, verbonde aan die departement plant- en grondwetenskappe aan die Universiteit van Pretoria (UP), ontvang die prys.

Dit word deur Sanlam geborg.

Korsten se navorsing is toegespits op die behandeling en voorkoming van plantsiektes en op voedselveiligheid van verskillende landbougewasse.

• Die Gustav Preller-prys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek word vanjaar toegeken aan **prof. Bill Henderson**, emeritus professor, fakulteit lettere en wysbegeerte, Universiteit van Johannsburg (UJ).

Die prys word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of reeks sodanige publikasies wat wetenskaplike werk van die hoogste gehalte verteenwoordig.

Die prys word deur NB-Uitgewers geborg.

Henderson het hom oor ses dekades gewy aan navorsing oor die klassieke Griekse en Romeinse literatuurskatte, asook aan die bevordering van daardie vakgebiede in Suid-Afrika.

• Die Christo Wiesemedalje vir bedryfsleiding word driejaarliks

vir bedryfsleiding toegeken en word deur dr. Wiese geborg. Die kandidate moes ’n skeppende bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfslewe gelewer het.

**Hendrik du Toit**, stigter en hoof- uitvoerende beampte van Ninety One, ontvang dit vanjaar.

• Die Protea Boekhuisprys gaan aan **Carel van der Merwe** vir sy boek *Kansvatter: Die rustelose lewe van Ben Viljoen*.

Dié biografie dra daartoe by om die onderstrominge in Afrikanergeledere en Afrikanernasionalisme in die eerste paar jaar ná die oorlog te belig en nog ’n venster op hierdie traumatiese tydperk in die Afrikaner se geskiedenis oop te maak.

Die prys word deur Protea Boekhuis geborg.

• Die Havengaprys vir fisiese wetenskappe is ’n jaarlikse prestigeprys wat vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied toegeken word.

Die prys kan net een maal aan iemand toegeken word. Die wenner is **prof. Hendrik Swart**, verbonde aan die departement fisika aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

Swart het ’n belangrike rol gespeel in die verkryging van talle navorsingsapparate vir die ontledinge van die dun lagie fosfor, en die halfgeleiertoestelle wat uit sodanige materiale gemaak kan word.

• **K.T. Mwepu**, **S.J. Lubbe** en **P.L. Crouse** van die departement chemiese ingenieurswese aan die UP, is die wenners van die Douw Greeff-prys.

Hulle ontvang dit vir hul artikel “Litium ontginning uit Zimbabwiese petaliet met behulp van ammoniumbifluoried” wat in die SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie Jg 40(1), 2021 verskyn het.

• Die Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje (dierkundige wetenskappe) word jaarliks toegeken aan die beste verhandeling wat by ’n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad ingedien is (om die beurt in die dierkundige en plantkundige wetenskappe).

Dit word aan **Amoré Malan** van die US toegeken vir haar verhandeling “Marine Mammal Speciation: The Role of Oceanic Distance and Historical Climatic Change On the Evolutionary Divergence of Brown Fur Seals”.

• Die Poortpryse word jaarliks toegeken aan die twee beste skeppende bydraes (poësie, prosa, drama) deur leerlinge in gr. 10, 11 en 12 wat aan die Poortkompetisie deelgeneem het. Die prys vir poësie word toegeken aan Mikayla Pretorius van Windhoek High School, Namibië vir haar gedig “Die diagram van die hart”; en vir prosa aan JD Carr van die Hoërskool Upington vir *Wabi sabi*.

• Die prys vir die beste ontwerp vir die *Die Poort*-boekie se voorblad gaan aan Janke Labuschagne van die Hoërskool Reitz.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/hulle-wen-akademiepryse-vir-uitnemendheid-20220422

## Brood vir die pad

### Studie van etiek kan ons baat

*Anton van Niekerk*

Charles Smith het onlangs in ’n rubriek gepleit dat etiek, eerder as vakke soos besigheidstudies, op skool gevolg word.

Met die eerste lees van Smith se stuk het ek gewonder of sy tong dalk diep in sy kies was. Nadat ek dit weer gelees het, twyfel ek nie meer nie: hy is ernstig. Hy is ook nie die eerste persoon wat so ’n pleidooi lewer nie.

’n Aantal jaar gelede het oudpres. Kgalema Motlanthe ook gepleit dat “vakke wat met etiek te make het” op skool ingestel word. Is dit ’n goeie idee?

Die belangrikste vraag om oor Smith en Motlanthe se voorstel te vra, is of dit realisties is om te verwag dat etiek-onderrig mense sigbaar moreel sal verbeter. Is daar ’n direkte korrelasie tussen ’n mens se teoretiese kennis van reg en verkeerd, en die wyse waarop jy jou lewe van dag tot dag inrig?

Vele twyfel hieroor. ’n Morele ingesteldheid, so word in dié kringe beweer, is nie iets wat ’n mens bewustelik deur studie aanleer nie, maar wat jy as’t ware (en meesal onbewustelik) “optel” in die alledaagse lewe – deur byvoorbeeld die invloed van jou ouers, die kerk, rolmodelle, vriende, en dergelike meer.

In Engels word dan beweer: “Ethics is caught, not taught.” Iets hiervan is dan ook sonder twyfel waar. Ons doen deur volwasse te word meesal ’n raamwerk van waardes en norme op wat ons help met alledaagse morele keuses.

Werklike morele keuses is egter minder talryk en normaalweg veel moeiliker om te maak as alledaagse keuses, soos om met ’n veiligheidsgordel te bestuur of om nie in ’n supermark iets vas te lê nie.

Vergelyk die besluit wat geneem moet word deur ’n sakeman wat ’n stuk grond by die staat moet koop om sy besigheid staan te maak, en weet dat die transaksie onbepaald gaan sloer tensy hy ’n amptenaar omkoop wat die saak kan bespoedig.

Dit is ’n tipiese morele dilemma, want op die oog af ewe belangrike waardes is in botsing met mekaar: Die waarde van die besigheid en die sakeman se persoonlike welsyn, teenoor die waarde van eerlikheid en deursigtigheid in saketransaksies. Watter opsie altyd gekies moet word, is nie sonder meer duidelik nie.

Dis hier waar etiese kennis en vaardigheid van groot hulp kan wees. ’n Goed gebalanseerde etiekkursus kan ’n mens in hierdie verband baie help om die analitiese vaardighede op te doen wat jy nodig het om moeilike besluite op problematiese gebiede te maak. Selfs al gaan kennis van etiek ’n mens nie altyd toerus met die onomstootlik “regte” antwoord nie, behoort dit jou in staat te stel om swak morele argumente te herken en te soek vir beter argumente wat regverdigbaar en redelik verantwoordbaar is.

Ek is daarom nie heeltemal seker daarvan dat etiek-onderrig sal waarborg dat mense wat daaraan blootgestel was, meer deugsame mense as ander sal wees nie. Daarvoor is die menslike natuur en ons geneigdheid om die bose in ons te laat seëvier, waarskynlik te kompleks.

Wat egter nie onderskat moet word nie, is die waarde van etiek-kennis wanneer ons gedwing word om oor moeilike morele probleme te besin en moeilike besluite daaroor te neem. ’n Goeie basis in etiek as vak bring boonop mee dat mense veel minder grond onder hul voete sal hê as hulle betrokke raak by moreel bedenklike aktiwiteite.

In dié opsig het ek wel goeie moed dat die algemene morele bewussyn in die samelewing op die lang duur veel sal baat vind by etiek-onderrig, en dat dit ’n heilsame effek op praktyke soos korrupsie sal kan hê.

** Prof. Van Niekerk is die direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek by die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/studie-van-etiek-kan-ons-baat-20220425-2

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877